


Mountainviewrylaan 17
Ridgeworth
Bellville

021 919 6237

www.uitsigkleuterskool.co.za



KLEUTERSKOOL

# INLIGTINGSTUK

# 2027

Mountainviewrylaan 17, Ridgeworth, Bellville | 021 919 6237 | hoof@uitsigkleuterskool.co.za
www.uitsigkleuterskool.co.za






UiTSiG KLEUTERSKOOL

# KOMMUNIKASIE

Die kommunikasieboek by die kantoor van die sekretaresse is vir ouers se gebruik.

Indien u nie die betrokke klasjuffrou sien wanneer u, u kleuter kom aflaai nie, maak gerus gebruik van die kommunikasieboek eerder as om 'n boodskap by een van die ander personeel te los. Die kantoor is ook per Whatsapp (0832882971) beskikbaar gedurende die dag. Sodoende verseker ons dat die boodskap wel by die regte persoon uitkom.

Vir enige navrae, kontak asseblief vir:

Elrika Esterhuizen
Hoof
hoof@uitsigkleuterskool.co.za / 0721789442

Madeleine Schutzler
Sekretaresse
admin@uitsigkleuterskool.co.za
Tel: 021 919 6237 / 083 288 2971

## DAGPROGRAM

| | |
|---|---|
| 06:30 - 08:00 | Aankoms en vryspel in gesamentlike lokaal |
| 08:00 - 08:30 | Ontbyt |
| 08:30 - 09:00 | Toiletroetine. Vryspel binne of buite. |
| 09:00 - 09:45 | Oggendkring. Bid en bybelliedjies sing. Hoofaktiwiteit van die dag. (Stimulering en ontwikkeling dmv verwerk, knip, plak, vou, teken, ens.) |
| 09:45 - 10:00 | Toiletroetine |
| 10:00 - 10:30 | Kosblikkie-tyd |
| 10:30 - 11:45 | Vryspel binne of buite |
| 11:45 - 12:00 | Handjies was en storietyd |
| 12:00 - 12:15 | Middagete |
| 12:15 - 12:30 | Toiletroetine |
| 12:30 | Halfdag kleuters gaan huis toe |
| 12:30 - 14:00 | Middagslapie—ouderdomstoepaslik |
| 14:00 - 14:15 | Toiletroetine |
| 14:15 - 14:30 | Peuselhappie en opruim van slaapklasse |
| 14:30 | Afhaal van voldag kleuters slegs vanaf 14:30 |
| 14:30 - 18:00 | Vryspel binne of buite |



**Baie welkom by Uitsig Kleuterskool!**

Ons is 'n christen kleuterskool en word volgens christelike beginsels bedryf. Dit is vir ons 'n voorreg om deel te hê aan elke kleuter se opvoeding en versorging, sodat ouers hul dagtaak kan aanpak met die wete dat hul kleuters in goeie hande is.

## ALGEMEEN

- Ons neem babas vanaf 3 maande en kleuters tot 5 jaar in.
- Graad R is die jaar waarin u kleuter 6 jaar oud word, en aangesien ons nie Graad R aanbied nie moet u kleuter gedurende die 4-5 jaar ingeskryf word by 'n skool wat wel die voorskoolse jaar aanbied.
- Die taalmedium waarin ons klasse aangebied word is Afrikaans.
- Die kleuterskool is vanaf Maandag tot Vrydag oop tussen 06:30 en 18:00 . Dit sluit ook skoolvakansies in.
- Die kleuterskool sal tydens publieke vakansiedae gesluit wees.
- Ons sluit vir die Kersvakansie vanaf middel Desember en open weer die tweede week in Januarie.

## AANSOEKE & PLASINGS

Voltooi asseblief die inskrywingsvorm volledig en heg die volgende dokumente aan:
(Let asseblief daarop dat aansoeke nie aanvaar sal word sonder die nodige dokumentasie nie)

- Afskrif van u kleuter se geboortesertifikaat.
- Afskrif van kliniekkaart.
- Afskrifte van beide ouers se identiteitsboekies of -kaarte.

**PLASINGSKRITERIA:**

Voorkeur sal gegee word aan die volgende:

- Kleuters met boeties of sussies wat tans in Uitsig Kleuterskool is, of voorheen by Uitsig Kleuterskool was.
- Lidmate van Bellville-Uitsig Gemeente.

Aansoeke wat aan een of meer van bogenoemde kriteria voldoen, sal geplaas word in volgorde waarin aansoeke ontvang is. Aansoeke wat aan geen van bogenoemde kriteria voldoen nie, sal geplaas word indien daar nog plek beskikbaar is.

Aansoeke vir 2028 sluit 31 Julie 2027

## KLASINDELINGS

Klasse word jaarliks oor ingedeel. Uitsig Kleuterskool reserveer die reg om klasindelings te doen in oorleg met huidige personeel en met inagneming van kleuters se persoonlikheid en behoeftes. **Geen insette van ouers sal klasindelings beinvloed nie.**



| | **Kwartaalliks** | **Jaarliks** |
|---|---|---|
| Sonstraaltjies | Eie Wipes & boudjie salf | 2 x standaard 'cot' lakens |
| | Eie doeke | Pleisters |
| | 1 x sneesdoekies | |
| | 1 x handdoekrol | |
| | | |
| Hasies en | 2 x pak sneesdoekies | Pleisters |
| Bytjies | 2 x handdoekrol | 1 x **Steadler Norris Super** Jumbo vetkryte |
| | 4 x 'wet wipes” | 1 x standaard 'cot' laken |
| | | |
| 2 - 3 jr | 2 x pak sneesdoekies | Pleisters |
| | 2 x handdoekrol | 1 x **Steadler Norris Super** Jumbo vetkryte |
| | 4 x 'wet wipes” | **1 x Alcolin** bottel koue lym (1 liter) |
| | | 1 x standaard 'cot' laken |
| | | |
| 3 - 4 jr | 1 x pak sneesdoekies | Pleisters |
| | 1 x handdoekrol | 1 X **Alcolin** bottel koue lym (250ml) |
| | 1 x 'wet wipes” | 2 X groot Pritt stafie |
| | | 1 X Steadler Norris Super **Jumbo** vetkryte |
| | | 1 X **BIC** 'triangle' potloodkryte |
| | | 1 x standaard 'cot' laken |
| | | |
| 4 - 5 jr | 2 x handdoekrol | Pleisters |
| | 2 x “wet wipes” | 2 X groot Pritt stafie |
| | | 1 x Potlootkryte |
| | | 1 x Uitdraaikryte |

# DAAGLIKS

**Babas:** daar sal afsonderlik met ouers gekommunikeer word.

**Kleuters:**

- Duidelik gemerkte kussing, kombers en klein paslaken vir slaapdoeleindes in die middag. 'n Matras word deur die skool verskaf.
- Gemaklike, ou klere, wat maar mag vuil word vir lekker speel en beweeg.
- **NB:** 'n Tassie of rugsak met 'n **ekstra stel** of twee gemerkte klere; 'n warm of koeler hempie (n.a.v. seisoen) en 'n plastieksak.
- 'n Gesonde kospakkie en iets om te drink vir 10:00.
- 'n Ou T-hemp van pappa of voorskoot vir verfwerk. Die kleuter moet verkieslik self die T-hemp/voorskoot kan aan- en uittrek.

# KLASBENODIGHEDE

**(moet asb nie al die kwartaallikse aankope op een slag koop en skool toe bring nie. Ons het ongelukkig nie stoorplek nie.)**



# SKOOLFOOIE

**REGISTRASIEFOOI**: R1 000

Die volle bedrag is betaalbaar by plasing en aanvaarding van nuwe kleuters. Die helfte van die bedrag sal as deposito beskou word en afgetrek word van die 2de maand (Februarie) se skool-fooi. In die geval van kansellasie word GEEN terugbetaling gedoen nie.

**SKOOLFOOIE 2026**

| | **oor 11mde** |
|---|---|
| **Voldag** | R 3 860.00 |
| **Halfdag** | R 2 920.00 |
| **Babas** | R 4 550.00 |

**2027 se skoolfooi sal einde Oktober beskikbaar wees.**

- Fooie is vooruitbetaalbaar voor of op die **6de** van elke maand.
- U sal 'n maandelikse rekeningstaat per e-pos ontvang.
- **'n Kalendermaand skriftelike kennisgewing** sal vereis word indien u kleuter die skool verlaat.
- Fooie moet per EFT betaal word.
- Bewys van betaling per e-pos na: admin@uitsigkleuterskool.co.za
- Indien skoolgelde nie aan die einde van elke kwartaal op datum betaal is, of alternatiewe reëlings getref is nie, sal u kleuter onder geen omstandighede die daaropvolgende kwartaal die kleuterskool kan bywoon nie.
- Agterstallige fooie sal opgevolg word en afbetalings ooreen-komste sal in plek gestel word indien reëlings getref word.

## BANKBESONDERHEDE:

| | |
|---|---|
| Rekeninghouer: | NGK Bellville-Uitsig |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rekening: | Tjek |
| Rekeningnommer: | 1450580909 |
| Verwysing: | **Familiekode** wat voorsien sal word sodra 'n plekkie aan kleuter toegeken word. |

**NB:** **GEEN** kontant mag aan personeel oorhandig word of in u kleuter se tassie geplaas word nie. Gebruik asb die posbus regs van die kantoor se venster.

## DISSIPLINE

Dissipline is gerig op die kweek van gehoorsaamheid by kleuters en is van kardinale belang binne die gestruktureerde skoolopset. Toepassing van dissipline geskied op 'n postiewe en nie-afbrekende manier.



## KENNISNAME

Let asseblief daarop dat **ALLE** persoonlike besittings (klere, skoene, komberse, bottels, kosblikkies en enige ander artikel wat aan u kleuter behoort) **DUIDELIK** gemerk moet wees. Alle weggooidoeke moet individueel gemerk wees met u kind se naam.

Alle persoonlike besittings wat nie gemerk is nie en verlore raak, sal in die 'verlore' kas gestoor word vir die kwartaal. Dit bly die ouers se verantwoordelikheid om te soek vir ongemerkte verlore goedere. Goedere wat aan die einde van die kwartaal nie opgeëis is nie, sal aan 'n behoeftige instansie geskenk word weens die gebrek aan langtermyn stoorplek.

## SPEELGOED

**Let asseblief daarop dat dit die kleuterskool se beleid is dat geen persoonlike speelgoed gebring mag word nie. Dit veroorsaak negatiewe gedrag onder kleuters en ons kan nie verantwoordelik gehou word vir enige verlore of stukkende speelgoed nie. Die dra van superhero kostuums en fantasieklere word beperk tot Vrydae.**

- terugkeer skool toe.
- Indien u kleuter enige oordraagbare siekte het.
- Kopluise

Vir u kind se veiligheid vereis ons dat ouers die skoolhoof skriftelik in kennis stel van enige allergie of mediese toestand wat u kind het of ontwikkel. Dit sal ons in staat stel om die nodige inligting behoorlik aan te teken en aan die nodige personeel te versprei.

Ons moet vereistes stel om die gesondheid en veiligheid van alle kleuters en personeel in die skool te verseker.

## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

Die oplaai- en aflaaipunt is die hoofingang. Kleuters mag slegs deur hul ouers afgehaal word. Indien iemand anders u kleuter kom haal, moet dit asb per Whatsapp of telefonies met die skool gereël word sodat alle personeel kennis kan neem. Sou dit nie aangeteken wees nie, sal ons u eers skakel om te bevestig. Geen laerskoolkinders mag kleuters kom afhaal nie.

Indien u kleuter afwesig is, sal ons dit waardeer indien u ons in kennis sal stel.

**NB:** Ouers moet te alle tye stadig ry in die parkeerarea. Let wel geen parkering hoegenaamd voor die motorhuis (waar die geel-strepe getrek is en waar geen parkering tekens aangebring is nie.)



## MAALTYE

Babas:

- Ouers voorsien alle melk en eerste kossies & peuselhappies tot baba saam met die kleuters kan eet.

Kleuters: Maaltye word voorsien en sluit die volgende in:

- Ontbyt **(slegs tot 08:30)**
- Middagete
- Peuselhappie en iets om te drink

- U pak 'n kosblikkie met gesonde happies, asook iets om te drink vir u kleuter wat genuttig word rondom 10:00 soggens. Ons is nie voorskriftelik nie, maar moedig gesonde kospakkies aan.
- Die volledige spyskaart sal weekliks in ons Nuusbrief verskyn.
- Bring asseblief enige voedsel-intoleransies of allergieë onder ons aandag.

**November Middagete Spyskaart**



| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| Hoender-gereg | Spaghetti Bolognaise | Visvingers & Mash | Macaroni & Kaas | Hoender happie & |
| Herders-pastei | Broccoli Hoender | Hoender-happie & Chips | Viskoekie & Mash | Hotdog & chips |
| Macaroni & Kaas | Hoender-gereg | Tuna Pasta | Egg Fried Rice | Hotdog & chips |
| Hoender Breyani | Frikkadel & Mash | Visvingers & Mash | Hoender happie & chips | Eggfried Rice |

# BESERINGS EN SIEKTES

- Alle beserings word in 'n ongevalle boek aangeteken.
- In geval van nie-ernstige beserings word beserings by die skool behandel en ouers word ingelig wanneer hulle die kleuter kom haal.
- Beserings waar mediese sorg benodig word, word ouers onmiddelik geskakel en gevra om die kleuter te neem vir mediese behandeling.
- In ernstige gevalle word ouers dadelik gekontak en met hul toestemming word mediese personeel ontbied.
- Siek kleuters moet asseblief tuis aansterk om sodoende verspreiding van bakterieë en virusse te voorkom. (Sien siekte beleid)
- Kleuters met kopluise moet tuis gehou word totdat daar GEEN luise of nete meer in die hare sigbaar is nie.

# MEDIKASIE

Geen medikasie mag in u kleuter se tas gelos word nie. Plaas dit asseblief in die medisynekas en voltooi die medisyneboek – naam van kleuter, klas, dosering en toedieningstyd. Geen medikasie sal toegedien word indien dit nie aangeteken is nie. Die verantwoordelikheid berus by u om dit weer in die middag uit te haal en saam te neem huis toe.

Notas sal gemaak word in die medisyneboek, waar nodig. Beperk asseblief "oor-die-toonbank"-medikasie tot 'n minimum.



Vitamiene en  aanvullings moet asseblief tuis toegedien word.

Let asb daarop indien u kleuter op antibiotika is, moet hy/sy die eerste 48 uur by die huis bly voordat hy/sy kan skool toe kom.

Indien u kleuter siek voel of koorsig is, sal u geskakel word.

# KINDER SIEKTE BELEID

**In die volgende gevalle vereis ons beleid dat kleuters by die skool gehaal word en ten minste 24 uur tuis bly voordat hy/sy simptoomvry na Uitsig Kleuterskool terugkeer:**

- Indien u kind se temperatuur 37.5 grade of hoêr is
- Braking en/of 2 los stoelgange (ook in geval van tandekry aangesien ons nie die risiko mag loop dat dit moontlik iets aknders kan wees nie)
- Onverklaarbare veluitslag/kolle/ringwurm

**Hou asb u kleuter tuis in die volgende gevalle:**

- Indien hy/sy verkoue simptome het, 'n diep brongiale hoes en seer keel het.
- Indien hy/sy 'n erge loopneus het wat groen/geel is, asook 'n ooginfeksie.
- In geval van die toediening van medikasie wat kleuters lomerig of huilerig maak.
- Wanneer u kleuter sy/haar reuksin/smaak verloor.
- Indien u kleuter op 'n kursus antibiotika geplaas is, moet 48 uur verloop sedert die begin daarvan voordat die kleuter kan